LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

BEKENDSTELLING VAN ELARDUSPARK NASKOOLSENTRUM

Die Naskoolsentrum van Laerskool Elarduspark betree ‘n nuwe era met die gebruik van 8 splinternuwe klaskamers by Sterrewag. Voorwaar ‘n mylpaal in die bestaan van Laerskool Elarduspark se Naskoolsentrum.

Behalwe dat ons strewe na die veilige versorging van elke naskool leerder, word tyd en aandag bestee om leerders in ‘n opvoedkundige omgewing gemaklik toe te laat om hulle potensiaal te bereik. Agtien toegewyde personeellede verseker die nodige hulp en ondersteuning met huiswerk en naskoolaktiwiteite sodat ouers met ‘n geruste hart hul kinders in die middae kan oplaai en die aand in rus en vrede kan ontspan.

Ten einde plek te verseker vir 2023 in ons Naskoolsentrum, versoek ons voornemende Gr. 1-ouers om so spoedig moontlik aansoek te doen om teleurstelling te voorkom. Ons reserveer sowat 60 plekke vir voornemende Graad 1 leerders.

Kontakbesonderhede:

- Naskoolsentrum Hoof: Mev Sougnét Barkhuizen
- Selfoon 071 413 9309; 076 398 4435
- e-pos adres: naskool@lardies.co.za
- Adres: Versterstraat 623, Elarduspark, 0181

STUDIEKLASSE

Ons missie is dat elke leerder huis toe sal gaan met al die huiswerk afgehandel, sodat daar kwaliteit tyd saam met die ouers spandeer kan word.

Studieklasse bestaan nie uit meer as 17 leerders per klas nie, wat meebring dat daar meer as een klas per graad is.

Elke Graad beskik oor ‘n studieklas/se met toesig en bystand. Die Naskoolsentrum personeel vergader een keer per kwartaal met elke graad van die Lardie personeel om op hoogte te wees van die kurrikulum, assesserings en huiswerk. Die Naskoolsentrum personeel is dus voorbereid vir elke dag se studieklas en is in kontak met die personeel van die skool. Deeglike kommunikasie tussen die skool en naskool verseker dat huiswerk afgehandel word en leerders kan hul huiswerk voor of na buitemuurse aktiwiteite doen.

MIDDAGETES

Dieselfde middagetes wat by die Graad R sentrum bedien word, word teen ‘n bekostigbare prys aangebied vir naskool leerders. U kan dus van hierdie diens gebruik maak met die

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

wete dat u kind altyd genoeg en voedsame kos het vir die middag wat voorlê. Na afloop van die skooldag haal die leerders hulle kos bestellings by McLardies af voordat hulle met hul middag aktiwiteite of huiswerk begin.

AKTIWITEITE

Samehorigheid en pret in die Naskool is ook vir ons belangrik. Ons bied een keer per kwartaal ‘n “pret en plesier” geleentheid aan. Aktiwiteite soos Boeresport, stalletjies wat ‘n verskeidenheid van items uitstal en vele meer is op die lys.

SKOOL VAKANSIES

Uit ervaring weet ons dat skool vakansies ‘n groot kopseer is vir ouers wat voltyds werk. Die Naskoolsentrum is gedurende skool vakansies oop, behàlwe tydens die Desember vakansie.

Indien u, u kind by ons Naskoolsentrum wil registreer, voltooi asb. die Inskrywingsvorm wat hierby aangeheg is en stuur dit direk aan ons Naskoolsentrum.

ME S BARKHUIZEN
NASKOOL HOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Geagte Ouers

NASKOOLSENTRUM REËLS

Ons wens by Laerskool Elarduspark is dat elke Naskool leerder gelukkig en veilig sal wees. Om te verseker dat alles vlot verloop by die Naskoolsentrum is ons genoodsaak om sekere reëls in plek te stel.

Vergewis uself asb van die onderstaande Naskoolsentrum reëls om onnodige verwarring uit te skakel.

IN - EN UITTEKEN

1. Leerders moet direk nadat die skool vir die spesifieke graad uitgekom het, by die Naskoolsentrum aanmeld. Gr. 1 leerders sal vir die eerste paar weke by die skool afgehaal word deur die betrokke Naskool onderwyseres.
2. Alle leerders moet eers inteken, alvorens hulle die Naskoolterrein betree. Indien ‘n leerder nie inteken nie, sal hy/sy afwesig gemerk word.
3. Leerders wat die Naskoolterrein moet verlaat vir buitemuurse aktiwiteite sal eers by die toegangshek moet uitteken. Na afloop van die leerder se aktiwiteite moet hy/sy weer inteken. Die personeellid aan diens sal kontrole hou van die leerders se doen en late.
4. ‘n Buitemuurse aktiwiteit rooster sal deur ouers voltooi word, sodat die Naskoolpersoneel bewus is van watter leerders betrokke is by aktiwiteite. Indien daar skielik iets ontstaan, sal ’n e-pos aanvaar word.

AFHAAL VAN LEERDERS

1. Alle Naskool leerders moet stiptelik om 17:30 afgehaal word. Boetes sal gehef word vir leerders wat na 17:30 afgehaal word. (Boetes beloop R40 vir 10 minute)
2. Indien ’n leerder drie keer laat afgehaal word, sal die betrokke ouer/s eers die saak met die skoolhoof moet bespreek alvorens die kind weer tot die Naskoolsentrum toegelaat sal word.
3. Ouers meld by die Naskoolhekkie aan wanneer leerders afgehaal moet word.
4. Die Naskoolpersoneellid sal die leerder laat roep sodat die ouer die kind kan uitteken. In die lig van Covid-19 protokol mag geen ouer die terrein betree nie.
5. Geen leerder mag die Naskoolsentrum sonder toestemming verlaat nie.

STUDIEKLAS

1. Bywoning van studieklas is verpligtend.
2. Studieklastye is soos volg: Gr. 1 – 3 14:00 – 16:30
   Gr. 4 – 7 14:00 – 16:30
3. Leerders wie se huiswerk of leerwerk afgehandel is mag wel die studieklas verlaat. Geen leerder mag ander leerders verhinder om hul werk te voltooi nie.
4. Wangedrag wat lei tot die ontwrigting van ‘n studieklas sal nie toegelaat word nie. Leerders wat die studieklas ontwrig sal versoek word om die klas te verlaat. Afhandeling en voltooiing van die uitstaande huiswerk sal op die leerder berus.
5. Geen verversings mag in die studielokale ingeneem word nie.
6. Leerders moet alle skryfbehoeftes wat benodig word om huiswerk te voltooi self voorsien. Huiswerk kan nie gedoen word as leerders nie die nodige skryfbehoeftes of boeke het nie.
7. Gr. 1 - 3 leerders moet ‘n gemerkte roomysbak, met die volgende items saamstuur Naskoolsentrum toe: HB potlood, skerpmaker, uitdraaikryte, gom en skêr. Hierdie items sal in die sentrum bly en nie daagliks teruggestuur word huis toe nie.
8. Geen selfone of tablette word by die Naskool toegelaat nie. Gr. 4 – 7 leerders sal wel die vergunning ontvang om in die klas van so ’n toestel gebruik te maak, slegs vir navorsingdoeleindes. Eie data sal gebruik moet word vir die taak.
9. Slegs huiswerk wat deur die skool voorgeskryf word sal afgehandel word. Indien ‘n leerder afwesig was a.g.v. siekte of vakansie, is dit die leerder se eie verantwoordelikheid om die agterstallige huiswerk tuis in te haal. Naskoolpersoneel sal nie verantwoordelik gehou word om agterstallige huiswerk in te haal nie.
10. Naskoolpersoneel is nie verantwoordelik vir die afhandeling van werk soos Kumon, Tjomme met Somme of enige ander verrykingswerk nie.
11. Geen huiswerk word op Vrydae gedoen nie. Leerders wat huiswerk het en dit wil afhandel is welkom om op hulle eie te werk in ’n lokaal wat aangewys word.

SPEELTERREIN

Geen gevaarlike speelgoed, ‘BB guns” krieketballe/kolwe, skerp voorwerpe, stokke, klippe, messe, vuurhoutjies ens. word op die terrein toegelaat nie.

1 Geen boomklimmery
2 Geen rommelstrooiery

3 Geen spelery in badkamers
4 Geen kru taal sal geduld word nie
5 Groter leerders mag nie met kleiner kinders inmeng of met hulle speel nie
6 Geen bakleiery tussen leerders sal toegelaat word nie. Leerders mag nie aan mekaar slaan, stamp, skop, seermaak of boelie nie
7 Geen klippe of harde voorwerpe mag rondgegooi word nie
8 Die dra van maskers is verpligtend, maar mag wel afgehaal word tydens etes.
9 Geen vandalisme word toegelaat nie. Die sentrum se eiendom moet gerespekteer word. Herstelkoste van enige skade wat deur 'n leerder aangerig is sal van die ouers verhaal word.
10 Alle persoonlike besittings moet duidelik gemerk word. Die Sentrum kan nie verantwoordelik gehou word vir persoonlike besittings wat wegraak nie.

DIE VOLGENDE STRAF WORD TOEGEPAS INDIEN LEERDERS HUL AAN BOGENOEMDE OORTREDINGS SKULDIG MAAK

- 2 Kolle in register – gesprek met ouer
- 3 kolle in register – plek in Naskool word vir 'n maand opgeskort
- Enige wangedrag daarna word plek permanent verbeur.

Hertoelating vir die daaropvolgende jaar sal afhang van die leerder se gedrag rekord.

ERNSTIGE OORTREDINGS

***Oortreding van die volgende kan lei tot onmiddellike skorsing**:*

1. Enige optrede wat die veiligheid van ander in gevaar stel of inbreuk maak op die regte van ander
2. Besit of gebruik van 'n gevaarlike wapen
3. Besit, gebruik of verhandeling van dwelmmiddels, ongemagtigde medisyne, alkohol, of enige ander gevaarlike middel of sigbare tekens daarvan
4. Aanranding
5. Onsedelike optrede
6. Skadelike graffiti, haatspraak, seksisme of rassisme
7. Diefstal
8. Krap in ander se tasse
9. Disrespek, aanstootlike gedrag of onaanvaarbare taalgebruik teenoor personeel of leerders
10. Enige ander optrede wat na die oordeel van die Beheerliggaam die regte van die skool, Naskool, Beheerliggaam, 'n leerder of onderwyser op 'n ernstige wyse aantas

KOMBUISREËLS

1 Voedselvoorbereiding in die Sentrum se kombuis word slegs deur ‘n personeellid of die assistente gedoen.
2 Leerders moet hul eie bakkies en lepels voorsien waarin bv. sop of noedels gemaak kan word.
3 Sap word op ‘n bepaalde tyd bedien. Geen drinkgoed sal buite tye bedien word nie. Die sap moet in die kind se eie beker of bottel gegooi word. (Covid regulasies)
4 Mikrogolf is beskikbaar indien leerders kos wil warm maak
5 Alle etes word direk by die Snoepie bestel en afgehaal. Leerders se kos word bedien sodra die skool uitkom. Leerders eet by die Naskoolsentrum en moet asseblief hulle eie eetgerei saambring.